Suidwes Landbou
Leeudoringstad, Noordwes

Persvrystelling • Press Release

(018) 581 1000
www.suidwes.co.za

**UIT DIE LEDE, VIR DIE LEDE**

**03 November 2016**

**Vir onmiddellike vrystelling**

**(217woorde)**

# SUIDWES GROEP OP GESONDE VOET

# 2016

**Suidwes Landbou gee erkenning aan sy Top-klante**

Ondanks die moeilike en uitdagende landbou-omstandighede wat tans landwyd heers, het die Suidwes Groep steeds uitstekend presteer. So het dr Herman van Schalkwyk (Groep Hoof Uitvoerende Beampte) tydens 'n glansgeleentheid by Sun City gesê waar Suidwes Landbou aan sy Top-klante erkenning gegee het.

By die geleentheid, wat in Oktober 2016 plaasgevind het, het die voorsitter van die Direksie, mnr Hansie Viljoen, gesê: "Sonder die ondersteuning van produsente kan die Suidwes Groep nie die hoogtes bereik soos dit tans die geval is nie. Dit is tiperend van ons boeregemeenskap om in moeilike omstandighede saam te staan."

Viljoen het beklemtoon dat 'n boer, met 'n maatskappy soos Suidwes Landbou as sy vennoot, 'n krisisjaar soos 2016 tromp-op kan loop. Suidwes het spesiale droogtehulp finansieringsprodukte vir produsente beskikbaar gestel en verder deel lede almal in die Suidwes Aansporingskortingskema.

Van Schalkwyk het ook benadruk dat daar by Suidwes voortdurend gestreef word om welvaart en waarde vir sy lede, klante en personeel te skep deur die toepassing en uitbreiding van die Maatskappy se unieke besigheidsmodel op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

"Die maatskappy se nuwe trefreël, 'Uit die lede, vir die lede', onderstreep die hoë premie wat Suidwes Landbou plaas op samewerking tussen klante, aandeelhouers en personeel," het Van Schalkwyk gesê.

Produsente uit die Hertzogvilleomgewing wat die Suidwes Top-klante funksie bygewoon het.

Dr Herman van Schalkwyk, Groep Hoof Uitvoerende Beampte, stel ‘n heildronk

in op die Top-klante van Suidwes.

Lede van die Suidwes Direksie en Bestuurspan in ‘n gesellige luim.

Van links is Deon Badenhorst, Anton Botha, Theo Delport, Frans Marx, George Potgieter, Gert Malherbe, Hansie Viljoen, Debbie Engelbrecht, Jannie Louw, Piet Delport, Dr Herman van Schalkwyk, Thean Geldenhuys, Patrick Nelissen, Thys Neethling, Bridgitte Mathews en Anton Jordaan.

Navrae:

Deon Badenhorst (Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie)

T: 018-581 1192

deonb@suidwes.co.za

www.suidwes.co.za